# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (13/16)

Justin Chadwick 15 April 2016

***"There is only one boss. The customer. And he can fire everybody in the company from the chairman on down, simply by spending his money somewhere else" Sam Walton***

## PHYTCLEAN

Op een of ander manier lyk dit asof die vrugtebedrywe nie besef het dat ons na die elektroniese era aanbeweeg het nie, want papier-gebaseerde stelsels word nog orals in die bedryf gevind. Met die wêreld wat beweeg na die robot era, kan ons dit misloop. Tydens 'n onlangse vergadering op 'n sitrusplaas was die afgevaardigdes verstom oor die hope en hope papier wat benodig word om 'n besending by sy oorsese bestemming te kry. Vir jare al versoek prominente produsente vir elektroniese data uitruiling tussen die verskillende prosesse, owerhede en stelsels in die sitrusbedryf. Die PhytoClean projek het ten doel om baie van die gapings te vul - Paul Hardman is aan stuur van die projek en verduidelik as volg:

*Betekenisvolle vordering is gemaak met die grondslagfase vir die PhytClean sentrale data platvorm – 'n hulpmiddel wat 'n integrale deel gaan vorm van uitvoere na markte met fitosanitêre vereistes. Daar is nou 'n dringende behoefte om al die rolspelers/belanghebbendes bymekaar te kry om:*

*1) nuwelinge aan die konsep en die waarskynlike impak op hul besighede bloot te stel,*

*2) sommige van die belangrike beginsels van data toegang te bespreek (wie, wat, wanneer en hoe) gegewe die komplekse verhoudinge en stukture binne die vrugte voorsieningsketting en*

*3) sommige spesifieke uitdagings wat met die sitrusbedryf verband hou (o.a. ooreenstemming op 'n EDI weergawe van die kultivarlyste). Daarom is 'n vergadering gereël vir **13 Mei 2016 naby Stellenbosch** (Plek moet nog bevestig word). Agenda: 1ste Sessie (09:00 – 09:45) – PhytClean Inleiding. 2de Sessie (10:00 – 12:00) – Wedstrydreëls. Middagete 3de Sessie (12:30 – 13:30)– "Citrus specifics". Alle rolspelers/belanghebbendes is welkom RSVP portia@cga.co.za teen 30 April 2016.*

***PhytClean vir die sitrusbedryf 2016***

*Sitrusprodusente en -uitvoerders moet ook bewus wees van die nuwe "tools" wat tot die PhytClean in 2016 bygevoeg is: **ZAP-kodes**: Dit help jou om 'n "snapshot" van die status van baie PUCs of boorde (bv. as 'n besending) te neem. Op enige latere stadium kan die ZAP-kode gebruik word om die status op die aktiewe database te "re-check" – dit sal letterlik die DAFF personeel ure van intik van data en nagaan van besonderhede spaar en DAFF toelaat om Fitosanitêre dokumente vinniger aftehandel.*

*Byvoeging "**Bactrocera dorsalis (BD) removal permit**": Wanneer hierdie "removal" permitte aanlyn opgelaai word is dit nie meer nodig om dit saam met elke EU besending te stuur nie.*

***Symptom Expression" toetse (Ethephon Toetse)**: DAFF het die verantwoordelik aan die produsente oorgedra om die inligting van die Ethephon toetse op die sisteem op te laai. DAFF en PPECB sal die data nagaan en goedkeur. Sodra dit goedgekeur is sal die besonderhede onmiddelik beskikbaar aan almal in die voorsieningsketting en amptenare elders wees – verminder die nodigheid om papiere rond te skuif. Hulpmiddele is beskikbaar oor hoe om van hierdie gebruik te maak asook ander funksies op die PhytClean aanlyn sisteem – kyk onder die HELP menu.*

## INDONESIË

Hierdie week het goed geëindig met 'n verslag van die Suid-Afrikaanse Ambassade in Jakarta. Suid-Afrika het "Mutual Country Recognition (MCR)" vir 15 produkte ontvang. Ingesluit in die lys is pomelo's, lemoene, suurlemoene en ander sitrusvrugte. MCR beteken dat Suid-Afrika vervoerkostes sal spaar deur toegang via die Jakarta hawe; terwyl dit ook van die binnekoms- en sertifiseringsvereistes sal vergemaklik. Dank aan ons "Fruit South Africa" kollegas, Departement Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF), Indonesiese Owerhede, die Suid-Afrikaanse Amabassade in Jakarta en veral Willem Geerlings wat die proses gelei het.

## WES-KAAPSE SITRUS PRODUSENTE FORUM (WCCPF)

Op Woensdag 13 April 2016 het baie besoekers/verteenwoordigers van die VSA in Citrusdal besoek - en die produsente in die streek het hul voorraad Engels opgebruik. Geluk aan Suhanra Conradie en Johan Mouton vir 'n ongelooflike WCCPF Beplanningsvergadering. Soos Ambassadeur Ismail in sy toespraak genoem het – jul het 'n unieke situasie geskep met jul verhoudinge met almal in die waardeketting van die boorde in Citrusdal en Noord-Kaap regdeur tot by aankoms in die VSA. Volgens die Ambassadeur was dit wat President Clinton en President Mandela baie jare gelede in die vooruitsig gehad het; dit het tot standkoming van AGOA gelei.

## VEELS GELUK AAN ONS YSTERMANNE

Baie geluk aan Idellete Olivier, Jan Louis en Janine Pretorius wat die Iron Man in PE voltooi het; dit is nie grappies om tussen familie en besigheid tyd in te ruim om vir hierdie uitmergelende gebeurtenis te oefen nie. Hul het 3.8km geswem, 180km fietsgey en dan klaar gemaak met 'n standaard marathon (42km) – gelukkig hoef hul nie 'n "sanity test" af te lê voor hul inskryf nie!!